

## Om die basiese dinge reg te doen vir kinderbeskerming

Mark Tomlinson\*

[Nasionale Kinderbeskermingsweek](#) (29 Mei tot 5 Junie 2022) is 'n jaarlikse herdenking van die regte van Suid-Afrika se kinders. Binne ons regering staan die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aan die hoof van kinders/kinderregte/beskerming van kinders. Dié departement gaan dan weer vennootskappe met ander verwante departemente en burgerlike en nieregeringsorganisasies aan. Die sleutelwetgewing en beleide wat dit verwoord, is die [Kinderwet, 2005 \(Wet 38 van 2005\)](#) en die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, veral [Artikel 28 van die Handves van Regte](#).

Die nuus dat dit nie goed gaan met kinders in Suid-Afrika nie, en dat hulle beslis nie op enige omvangryke manier beskerm word nie, is vir niemand 'n verrassing nie. Ons het op 'n taamlike diepgaande manier afgestomp geword vir die daaglikse gruwelstories oor kindermishandeling en kindermoord. In 'n poging om ons aaklige syfers in perspektief te plaas, het ek ons kindermoordsyfer met twee lande wat 'n soortgelyke bevolkingsgrootte as Suid-Afrika se 59,3 miljoen mense het, vergelyk – Italië (bevolking van 60,4 miljoen) en die Verenigde Koninkryk (VK) (bevolking van 67,8 miljoen).

In 2021 is daar amper vier kinders daaglik in Suid-Afrika vermoor (meer as 1 400 per jaar), wat nagenoeg 350 kinders [elke drie maande](#) is. In die VK word nagenoeg 58 kinders per jaar vermoor, terwyl hierdie syfer in Italië in 2020 op 278 vir alle ouderdomsgroepe gestaan het. Dít beteken daar in 'n hele jaar in Italië omtrent 70 minder moorde (in totaal vir alle ouderdomsgroepe) plaasvind as wat daar elke drie maande kinders in Suid-Afrika vermoor word.

In die baie jare wat ek al oor kinders vir akademiese publikasies sowel as vir die populêre media skryf, is ek altyd verstom deur hoe ek, te midde van hierdie skrikbarende statistieke, redelik seker kan wees dat daar altyd 'n moord of 'n storie oor mishandeling sal wees wat só wreed en onverstaanbaar is dat dit na die oppervlak van die vuilput sal opstyg. Hierdie keer is dit die sesjarige Bontle Mashiyane wat vroeg in Mei in Mpumalanga verkrag en gruwelik vermoor is – skynbaar 'n moetiemoord. Om dinge te vererger, was een van die mense wat in hegtenis geneem is, 'n buurvrou.

Gegewe die afgryse van die individuele moorde, asook die reuseomvang van hierdie syfers, is Nasionale Kinderbeskermingsweek nou hoofsaaklik daarop gefokus om die siklus van geweld, verwaarlosing en uitbuiting van kinders te beëindig. Dit stem ooreen met die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) se definisie van [kinderwanbehandeling](#): “Alle vorms van fisieke en/of emosionele swak behandeling, seksuele mishandeling, verwaarlosing of agterlosige behandeling of kommersiële of ander uitbuiting wat werklike of moontlike skade aan die kind se gesondheid, oorlewing, ontwikkeling of waardigheid kan aanrig in die konteks van 'n verhouding van verantwoordelikheid, vertroue of mag.” Ons Suid-Afrikaanse benadering stem nie net ooreen met die WGO nie, maar is natuurlik ook reg. Maar ek wil die lig laat val op dít wat ek as 'n subtieler (selfs onsigbare) mislukking in ons benadering tot kinderbeskerming beskou.

Ten slotte ...

Indien ons nie genoegsaam kan omgee om te voorkom dat babas en kinders van wanvoeding sterf nie, wil ek dit stel dat Nasionale Kinderbeskermingsweek die risiko loop om niks meer as 'n oomblik van nasionale handegewing te word nie waar ons onself op die skouer klop en oor die behoefte aan aksie praat, net om maar weer in onaktiwiteit en apatie te verval. Ek is bevrees vlagpale, brandpoele en florerende korrupsie maak 'n klug van selfs die beste bedoelings van Nasionale Kinderbeskermingsweek. Ons moet van voor af begin en die basiese goed reg doen. As ons nie eens kan voorkom dat babas van hongerte sterf nie, verdien ons dalk nie om as 'n land te oorleef nie.

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

**\*Prof Mark Tomlinson is mededirekteur van die Instituut vir Instituut vir Lewensloopgesondheidsnavorsing in die Departement Globale Gesondheid aan die Universiteit Stellenbosch.**